

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Wat van Geregtigheid en Vergelding? Wat maak ons met sterk gevoelens?

Skriflesing: Maleagi 4

Broodjies vir die pad

“An eye for an eye, and the whole world would be blind.”
— Kahlil Gibran

“(I)f we are going to be kind, let it be out of simple generosity, not because we fear guilt or retribution.”
— J.M. Coetzee, Disgrace

“You will achieve more in this world through acts of mercy than you will through acts of retribution.”
— Nelson Mandela

“In the real world there is no nature vs. nurture argument, only an infinitely complex and moment-by-moment interaction between genetic and environmental effects”
— Gabor Maté, In the Realm of Hungry Ghosts: Close Encounters with Addiction

“And the little screaming fact that sounds through all history: repression works only to strengthen and knit the repressed.”
— John Steinbeck, The Grapes of Wrath

“A God without wrath brought men without sin into a Kingdom without judgment through the ministrations of a Christ without a Cross.”
— H. Richard Niebuhr, The Kingdom of God in America

“The greatest damage done by neglect, trauma or emotional loss is not the immediate pain they inflict but the long-term distortions they induce in the way a developing child will continue to interpret the world and her situation in it. All too often these ill-conditioned implicit beliefs become self-fulfilling prophecies in our lives. We create meanings from our unconscious interpretation of early events, and then we forge our present experiences from the meaning we’ve created. Unwittingly, we write the story of our future from narratives based on the past...Mindful awareness can bring into consciousness those hidden, past-based perspectives so that they no longer frame our worldview.’Choice begins the moment you disidentify from the mind and its conditioned patterns, the moment you become present...Until you reach that point, you are unconscious.’ ...In present awareness we are liberated

from the past.”

— Gabor Maté, In the Realm of Hungry Ghosts: Close Encounters with Addiction

“To be an African is not a choice, it is a condition... To be an African is not through lack of being integrated in Europe... neither is it from regret of the crimes perpetrated by “my people”... No, it is simply the only opening I have for making use of all my sense and capabilities... The African earth was the first to speak. I have been pronounced once and for all.”

— Breyten Breytenbach

Om 'n Afrika te verbeel taalifkat i dunya

Hiér dans ons met die droom

Wanneer dit rooi tot woorde op die oggend se lip

Hier onthou ons 'n wind

Wat die voorouers besing

As ons tong van die wêreld

Stof en wortel en vlerk en klip

Hier boek ons ons menswees *in*

In die rymsoeke na beweging

Om verbeelding se aanhoubeweeg af te beeld

Van trekgeselskap na staning na 'n put sonder water

Om ruilhandel te bedryf

Want ons het niks om te neem of te gee

Buiten die lied se misterie van ontwaking

Want ons het geen lotsbestemming of aankoms nie

Behalwe net die droomtongfluit as boomskuit

*Bourema Diara se vertaling van SY AUN MOON se song op die binneflap van **imagine africa** (ISLAND POSITION, Brooklyn * Gorée, 2011)*

“If you have never known the power of God's love, then maybe it is because you have never asked to know it - I mean really asked, expecting an answer.”

— Frederick Buechner, The Magnificent Defeat

“Your life and my life flow into each other as wave flows into wave, and unless there is peace and joy and freedom for you, there can be no real peace or joy or freedom for me. To see reality-not as we expect it to be but as it is-is to see that unless we live for each other and in and through each other, we do not really live very satisfactorily; that there can really be life only where there really is, in just this sense, love.”

— Frederick Buechner, The Magnificent Defeat

“The love for equals is a human thing--of friend for friend, brother for brother. It is to love what is loving and lovely. The world smiles. The love for the less fortunate is a

beautiful thing--the love for those who suffer, for those who are poor, the sick, the failures, the unlovely. This is compassion, and it touches the heart of the world. The love for the more fortunate is a rare thing--to love those who succeed where we fail, to rejoice without envy with those who rejoice, the love of the poor for the rich, of the black man for the white man. The world is always bewildered by its saints. And then there is the love for the enemy--love for the one who does not love you but mocks, threatens, and inflicts pain. The tortured's love for the torturer. This is God's love. It conquers the world."

— Frederick Buechner, *The Magnificent Defeat*

'n Kuier by klavier, bokkop en gereedskap

Dana Snyman

Nou die dag hou ek toe by daardie plek stil waar die groot advertensiebord jou nooit: "Stoorplek beskikbaar." 'n Plek waaroor ek lankal wonder. Vier langwerpige geboue met vertrekke wat soos 'n motorhuis lyk, een langs die ander, toegekamp met 'n hoë palissadeheining.

In die kantoortjie by die hek sit 'n man in sy eie rookwolk agter 'n lessenaartjie. 'n Stapel Bybels by hom. Almal ouerige Bybels. Een 'n groot Familiebybel.

"Sorrie, ons is vol," sê die man. "Ek's nuuskierig," sê ek. "Wat's in hierdie garage'e?"

Hy boor sy sigaret in 'n oorvol asbakkie dood. Hou 'n tam handjie na my toe uit. Org. Is nie sy plek nie. Hy werk net hier.

"Heerlikheid, pêl, hulle bring enige ding hier aan," sê hy. "Meubels. Klaviere. Gister kom hier 'n man in een van hierdie nuwe Mercs. Met 'n paar skoene by hom. Daai met die tosseltjies. Duur. Dis al wat hy by sy ander goed wou kom bêre, daai skoene.

"Laas week was hier 'n bakleiery. Oor 'n mat. 'n Man en vrou wat besig is om te skei. Die man laai sy goed af, hier kom die vrou aangejaag. Nee, sý moet die mat kry. Toe is dit een woord op die ander. Vreeslik."

Jy betaal R750 per maand om 'n stoorvertrek te huur. Baie mense wat hul goed hier bêre, is in finansiële moeilikheid en bang hul goed word gevat en verkoop. Dikwels kom lê die balju in elk geval beslag op die goed, dan moet dit na 'n veiling geneem word.

"En oefenfiets!" sê Org. "In omtrent al hierdie garage'e is 'n oefenfiets. En opgestopte bokkoppe. Wie sal nou die kop van 'n koedoe wat 'n ander ou geskiet het op 'n veiling wil koop?"

"Party kom kuier vir hulle goeters. Hier is 'n man en 'n vrou wat een keer 'n maand kom. Hulle het so 'n groen sitkamerstel en 'n klavier en goed. Dan gaan sit die man op die bank en die vrou speel iets op die klavier.

"Een ou oom bêre sy werksbank en gereedskap en sweismasjien hier, dan kom hy hier aan en gaan vat en voel aan sy goed. Elke keer sê hy: 'Org, jy moet hierdie goed vir my laat wegry en verkoop.' Later bel hy weer: 'Los maar eers, Org.'"

Daar is mense wat goed hier stoor, maar hulle woon al vir vyf jaar in Australië.

"En daai Bybels?" Ek wys na die Bybels op die lessenaar.

Hy hou maar die Bybels hier. Hy kry dit nie oor sy hart om dit na 'n veiling toe te laat gaan nie. Dalk kom soek die mense dit eendag hier. Ek blaai een van die Bybels oop. "Aan Tjoppie. Gods rykste seën vir jou lewenspad toegewens. Van ouma Joey," staan in 'n bewering skrifte voorin geskryf.

"O, en daar's die mat waarvan ek gepraat het." Org beduie na 'n opgerolde mat wat teen die oorkantste muur lê. 'n Ou, afgeleefde mat.

Org vat na die pakkie Chicago langs die stapel Bybels. " 'n Man gaan homself nog dood rook hier, pêl," sê hy en trek 'n vars sigaret uit die pakkie.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/dana-snyman-n-kuier-by-klavier-bokkop-en-gereedskap-20221105>

Brood vir die pad

Sulke honde kan ons leer om ander as mense te sien

In sy boek *The Philosopher's Dog* (2002) skryf die Duits-gebore Australiese filosoof Raimond Gaita diere kan soms met verrassende teerheid op ons behoeftes ag gee.

Hy vertel byvoorbeeld van sy dogters Katie en Eva se hond, Zac – 'n kruising tussen 'n Australiese kelpie en 'n labrador.

Veral Eva het in 'n moeilike tyd by die skool dikwels op die trappe agter hul huis haar hart teenoor Zac uitgestort. Sodra Zac sien Eva is hartseer, het hy op haar skoot geklim, sy pote om haar nek gesit en haar trane afgelek. Dit het dan gelyk of hy pyn ervaar omdat sy in pyn is.

Gaita meen dié gebaar het oor meer gegaan as dat Zac agter die sout in Eva se trane aan was. Hoewel Zac dalk nie die slimste hond was nie, het hy beslis 'n goeie hart gehad.

Die Frans-Joodse filosoof Emmanuel Lévinas skryf ook in een van sy opstelle (in sy boek met die Engelse titel *Difficult Freedom: Essays in Judaism*) van 'n hond se "menslike" optrede.

Lévinas was in daardie stadium deel van 'n groep Joodse krygsgevangenes in 'n arbeidskamp in Nazi-Duitsland. Wanneer hulle buite die kamp moes gaan werk, het mense se blik hulle as't ware van hul menslike vel gestroop, sodat hulle mettertyd gevoel het of hulle nie meer deel van die mensdom is nie.

Maar so halfpad deur hul lang verblyf in die kamp het 'n wegloophond 'n tyd lank deel van hul lewe geword. Hulle het hom Bobby genoem.

Later het die Nazi-wagte hom weggejaag, maar 'n paar weke lank was hy in die oggende daar wanneer hulle bymekaar gekom voordat hulle die kamp vir handarbeid verlaat het.

En wanneer hulle in die aand moeg teruggekeer het, was Bobby weer daar om hulle in te wag. Hy het dan op en af gespring en geblaf van plesier.

"For him," skryf Levinas, "there was no doubt that we were human."

Dit lyk of dit deel van die menslike toestand is dat ons sukkel met herkenning: ons sukkel om mekaar as mense te herken, om ons gedeelde en weerlose menslikheid raak te sien, om – in teologiese taal – mekaar as geskape na die beeld van God te beskou.

Soms moet honde met name soos Zac en Bobby vir ons as voorbeeld dien.

Dit is daarom dalk met goeie rede dat een van die motto's vir Gaita se *The Philosopher's Dog* by 'n Inheems-Amerikaanse skeppingslegende aansluit: "God went forth to create the world, and he took his dog with him." – RRV

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/dawid-kuyler-hoe-kan-ons-inhoud-aan-mekaar-se-lewe-gee-20221027>